higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 3

7 Desember 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 B
1.3 B
1.4 A
1.5 A

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Misdadige gedrag
2.2 KRIMSA
2.3 Aangetekende inligting
2.4 Primêre misdaadslagoffers
2.5 Sielkundige versteuring
2.6 Misdaadslagoffers
2.7 Viktimiseringsopnames
2.8 Riskante lewenstyl
2.9 Roetineaktiwiteitebenadering
2.10 Fisieke trauma

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 E
3.2 D
3.3 C
3.4 A
3.5 B

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

4.1 Onwaar
4.2 Waar
4.3 Onwaar
4.4 Waar
4.5 Waar
4.6 Waar
4.7 Waar
4.8 Onwaar
4.9 Waar
4.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- Volgens die lewenstyl-en-blootstellingsmodel bestaan daar ’n direkte skakel tussen lewenstyl en die blootstelling aan ’n situasie waarin die risiko van viktimisering hoog is.
- Mense wat deelneem aan hoërisikoaktiwiteite, soos prostitusie, wat sosialiseer in areas waar misdaad dikwels voorkom, wat self misdade pleeg, en alkohol- en dwelms misbruik, is meer blootgestel aan riskante situasies as mense wat nie aan hierdie tipes aktiwiteite deelneem nie.
- Hulle loop derhalwe ’n beduidend groter gevaar om geviktimiseer te word.
- Byvoorbeeld, bejaardes wat ’n stiller lewenstyl handhaaf en minder in die aand uitgaan, is minder kwesbaar vir misdaadviktimisasie as jonger mense wat, as gevolg van hul lewenstyl, dikwels saans uitgaan.
- Dit is veral die geval as die areas wat hulle besoek nie baie veilig is nie. (5)

5.2 Faktore wat tot hul kwesbaarheid kan bydra, is:

- Weens laer inkomste is hulle geneig om in armer dele van ’n dorp te woon, waar misdaad meer algemeen voorkom. Bejaardes woon dikwels alleen en in omstandighede wat min sosiale kontak toelaat. Hul isolasie en die omgewing waarin hulle hul bevind, dra daartoe by dat hulle maklik misdaadteikens word.
- Ouer mense is ook geneig om ’n voorspelbare roetine te volg, wat hul kwesbaarheid vir misdaadviktimisasie verhoog.
- Ouderdomverwante faktore, byvoorbeeld swak sig of gehoor, lei daartoe dat hulle nie betyds van gevaar bewus word nie. Hulle raak dikwels vergeetagtig en tref dus nie die nodige veiligheidsmaatreëls nie, soos om deure te sluit om hulself te beskerm.
- Tengerige bejaardes wat van ander mense afhanklik is om hulle te versorg, is uiters kwesbaar vir viktimisering, soos aanranding en verwaarlosing. (4)

Kopiereg voorbehou

5.3
- Stereotipes oor verkragtingslagoffers asook huishoudelike geweld en slagoffers van huishoudelike geweld word aanvaar, nie slegs deur sommige lede van die publiek nie, maar ook deur sommige lede in die strafregsplegingstelsel.
- Navorsing dui daarop dat die polisie dikwels vrae stel oor die geloofwaardigheid van verkragtingslagoffers weens hul persepsie dat ’n aansienlike aantal van hierdie misdade valslik en kwaadwillig aangemeld word. Die onderrapportering van hierdie misdade kom voor omdat baie misdaadslagoffers glo dat dit weinig doel dien om ’n misdaad by die polisie aan te meld.
- Redes hiervoor sluit in dat polisiebeamptes hulle nie sal glo nie of niks sal doen nadat hulle die misdaad aangemeld het nie.
- Dit is ook van toepassing op huishoudelike geweld en mishandeling. Nog ’n faktor wat die onderrapportering van verkragting beïnvloed, is die verankerde patriargale sienings van baie lede van die gemeenskap. Hierdie sienings versterk geslagsrolle wat op sy beurt geslagstereotipes versterk.
- Byvoorbeeld, ’n deel van die bevolking glo dat ’n vrou daarvoor gesoek het, dat haar kleredrag te uitlokkend was en dus verkragting ‘uitgenooi’ het, of dat mans nie hul vroue kan verkrag nie. (5)

5.4
- Een van die funksies van ’n kriminoloog is om assesseringsverslae te skryf.
- Dit vereis die insameling van inligting, gewoonlik by wyse van ’n onderhoud.
- Tydens ’n onderhoud behoort ’n kriminoloog se gedrag professioneel te wees en sy of haar optrede en gedrag moet sodanig wees dat dit die onderhoudgewer aanmoedig om inligting te deel.
- Onderhoude moet altyd eties gevoer word. Dit moet met integriteit, gesonde verstand en gesonde oordeel gevoer word. Vermy onetiese gedrag tot elke prys, soos om dreigemente of beloftes te maak. Onderhoudvoerders behoort die onderhoudgewer altyd met respek te behandel.
- Wees onbevooroordeeld, verdraagsaam en onpartydig. Die kriminoloog behoort ook te let op sy/haar fisieke voorkoms en seker te maak dat sy/haar kleredrag die beroep en hoë etiese standaarde weerspieël. (5)

5.5 ’n Misdaadslagoffer is iemand wat negatief beïnvloed is deur misdadige optrede van ’n oortreder, byvoorbeeld iemand wat aangerand of beroof is. (1)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Misdaadvoorkoming kan gedefinieer word as alle handelinge wat daarop gerig is om misdaad te voorkom, wat nie die strafregsplegingstelsel insluit nie. (1)

6.2
- ’n 28-jarige man is in hegtenis geneem✓
- Ses mense, ✓ insluitend twee vroue, ✓ is ingeneem vir ondervraging. (3)

6.3
- Vuurwapens
- Handgranate
- Koeëlvaste baadjies
- Ander polisietoerusting (4)

6.4 6.4.1 Misdaadvoorkoming verwys na alle stappe wat gedoen word voordat ’n misdaad gepleeg word.

6.4.2 Misdaadbeheer verwys na die stappe wat deur die polisie, die hof en korrektiewe dienste gedoen word nadat ’n misdaad gepleeg is, byvoorbeeld tronkstraf of gemeenskapsdiens.

(2 × 1) (2)

6.5
- Misdaadvlakke is hoër in stedelike as landelike gebiede en die meerderheid polisiekantore is dus in stedelike gebiede geleë.
- ’n Opname wat deur die Instituut vir Sekerheidstudies gedoen is, dui daarop dat mense in landelike gebiede oor die algemeen die lewering van polisiëringsdienste aan landelike gebiede as uiters swak beleef.
- Dit kan wees omdat die meeste landelike respondente aangedui het dat hulle selde (of nooit) ’n polisiebeampte sien en beperkte toegang tot die polisie het weens ’n gebrek aan vervoer en telefone.
- Nog ’n studie wat ondersoek ingestel het waarom misdaadvlakke as hoër in stedelike as landelike gebiede ervaar word, het aangevoer dat dit kan wees omdat mense in landelike gebiede minder waarskynlik misdade aanmeld.
- Die rede hiervoor is dat hulle nie toegang tot polisiekantore het nie omdat hulle in verafgeleë gebiede woon.
- Dit word verder bemoeilik deur ’n gebrek aan telefone en vervoer. Wanneer die polisie se hulp benodig word, kan dit ’n uitgerekte en dikwels duur ondervinding wees.
- Mense se toegang tot dienste wat deur die polisie gebied word, is dus beperk.
- Dit het ’n uitwerking op die rekordering van misdaad, omdat misdaadstatistiek slegs misdade weerspieël wat by die polisie aangemeld is.
- Misdade wat weens geografiese beperkings nie aangemeld word nie, word nie opgeteken nie. Dit dra tot onakkurate misdaadstatistiek by.

Kopiereg voorbehou

- Polisiekantore in afgeleë landelike gebiede het dikwels nie toegang tot infrastruktuur soos krag, telefone en rekenaars nie.
- Die gebrek aan infrastruktuur skep logistieke uitdagings omdat alle aangemelde misdade per hand opgeteken moet word, wat maklik tot verlies van sommige statistieke kan lei.
- Die inligting moet boonop weer op die polisiediens se rekenaarstelsel vasgelê word. Dit kan tot vertragings lei, omdat faktore soos padtoestande, gebrek aan vervoer en lang afstande tussen polisiekantore dit moeilik maak om inligting van die stasies by die tersaaklike kantore te kry. Hierdie geografiese uitdagings veroorsaak beperkings wat die rekordering van amptelike misdaadstatistiek betref. (Enige 6 × 1) (6)

6.6
- Twee wapenopslagplekke
- Byna 1 000 patrone wat aan die polisie uitgereik is
- 15 gewere
- Plofstowwe
- Narkotika (Enige 3 × 1) (3)

6.7
- Herhalende viktimisering verwys na voorvalle waar mense meer as een keer in ’n beperkte periode deur misdadigers geviktimiseer word:
- Navorsing dui daarop dat sekere mense of groepe meer vatbaar is vir herhalende viktimisering as gevolg van hul persoonlike eienskappe en gedrag, soos alkohol- en dwelmmisbruik en hul maatskaplike situasie.
- Enkellopendes, byvoorbeeld, is meer vatbaar vir misdaadviktimisasie weens faktore soos hul lewenstyl en waar hulle woon. Mense wat in gebiede met ’n hoë misdaadkoers woon, loop ’n groter risiko om geviktimiseer te word.
- Mense kan ’n bepaalde verhouding met die oortreder hê, byvoorbeeld in die geval van huishoudelike geweld en mishandeling.
- Die doel van slagoffersteundienste is om emosionele ondersteuning en praktiese hulp te verleen om die sielkundige skok en trauma van misdaadviktimisasie te verminder.
- Dit kan bereik word deur misdaadslagoffers vir berading en ander professionele dienste te verwys, soos om ’n sielkundige te spreek. Die ondersteuningstelsel help slagoffers van misdaad om persoonlike en emosionele gevolge van misdaadviktimisasie te hanteer.
- Die slagoffersteundienste kan help om herhalende viktimisering te voorkom en te verminder deur misdaadslagoffers te adviseer en leiding rakende ’n voorkomende lewenstyl te gee, asook deur bewustheid van die risiko’s van misdaad te skep.
- Navorsing dui daarop dat lewenstyl as ’n risiko vir misdaadviktimisasie kan dien. Steundienste is derhalwe belangrik, omdat dit misdaadslagoffers bemagtig om verantwoordelikheid vir hul lewens te aanvaar en sodoende stappe te doen om herhalende viktimisering te voorkom. (8 × 1) (8)

Kopiereg voorbehou

6.8
- Om in gebiede met ’n hoë voorkoms van misdaad te woon
- Om saans laat uit te gaan
- Om waardevolle items te dra en te vertoon, soos duur juweliersware, selfone of skootrekenaars
- Om aan riskante gedrag deel te neem, soos alkohol- en dwelmmisbruik, duim te gooi of saamrygeleenthede van mense te aanvaar wat jy nie ken nie
- Diegene sonder familielede of vriende wat na hulle kan omsien of hulle kan help, indien nodig (Enige 3 × 1) (3)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in AFDELING D.

VRAAG 7

Daar is verskeie definisies van *misdaadvoorkoming.* Sommige van hierdie definisies onderskei tussen misdaadvoorkoming en misdaadbeheer, terwyl ander ’n meer omvattende benadering volg. Daar is egter nie ’n algemeen aanvaarde definisie vir *misdaadvoorkoming* nie. *Misdaadvoorkoming* word gedefinieer as ‘alle handelinge wat daarop gerig is om misdaad te voorkom, wat nie die strafregsplegingstelsel insluit nie’.

Dit kan derhalwe vertolk word as die maatreëls wat owerhede, gemeenskappe, ondernemings en individue tref om misdaad te voorkom. Misdaadvoorkomingsaktiwiteite is dus daarop gerig om die misdaadprobleem deur middel van opvoedkundige veldtogte en sosio-ekonomiese opheffing te hanteer deur aan hul sosio-ekonomiese situasie aandag te gee.

’n Gemeenskapsprogram genaamd Khulisa bied afwendingsprogramme aan wat onder meer op misdaadvoorkoming fokus. Een van hierdie programme staan bekend as ‘Ubuntu en Jy’, waar voormalige oortreders met gemeenskapslede saamwerk. Hierdeur word oortreders gehelp om weer by hul gemeenskappe geïntegreer te raak en gevolglik heroortreding te verminder of uit te skakel.

Misdaadbeheer word gedefinieer as die stappe wat organisasies in die strafregsplegingstelsel doen, insluitend die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die Departement van Justisie en Korrektiewe Dienste, om misdaad te voorkom en te verminder. Misdaadbeheer hanteer misdaad deur oortreders te vang en aan te kla om te voorkom dat verdere misdade plaasvind.

Die verskil tussen hierdie twee definisies is dat misdaadvoorkoming verwys na alle stappe wat gedoen word voordat misdaad gepleeg word, terwyl misdaadbeheer verwys na stappe wat deur die polisie, die hof en korrektiewe dienste gedoen word nadat ’n misdaad gepleeg is, byvoorbeeld tronkstraf en gemeenskapdiens.

Kopiereg voorbehou

Volgens die 1998 Konsepwitskrif van die Departement van Veiligheid en Sekuriteit kan misdaadvoorkoming gedefinieer word as alle aktiwiteite wat die verskynsel van ’n spesifieke misdaad voorkom deur middel van:

- *verandering van die omgewing waarin dit plaasvind*
- *verandering van die toestande wat dit vermoedelik veroorsaak*
- *die voorsiening van ’n sterk afskrikmiddel in die vorm van ’n effektiewe strafregsplegingstelsel.*

Hierdie definisie sluit elemente van misdaadvoorkoming en misdaadbeheer in.

’n Omvattende benadering jeens misdaadvoorkoming verwys na alle metodes en strategieë wat deur die staat op nasionale en plaaslike vlak, deur handel en nywerheid, gemeenskappe en individue toegepas word om die inisiëring of voortsetting van misdaad en viktimisering te voorkom, verminder of te beheer.

Hoewel die konsep van misdaadvoorkoming baie wyd en soms vaag is, het misdaadvoorkoming en misdaadbeheer albei ten doel om misdadige gedrag in die samelewing te voorkom en te verminder.

[20]

OF

VRAAG 8

8.1

- Sielkunde is die studie van normale menslike en dieregedrag.
- Sielkundiges probeer om menslike denke en gedrag te verstaan en sin daaruit te maak.
- Hulle bestudeer individuele en sosiale gedrag, emosies en idees in ’n poging om te verstaan hoe mense met mekaar skakel en op die wêreld reageer.
- Daar is verskeie spesialiseringsgebiede in sielkunde, waarvan twee forensiese en kriminele sielkunde is.
- Misdaad- en forensiese sielkundiges werk op die terreine van misdaad en die reg.
- Hulle probeer ook om te verstaan waarom ’n oortreder ’n misdaad pleeg. In sommige gevalle staan hulle as profielsamestellers bekend.
- Profielsamestellers stel ‘n sielkundige profiel van die oortreder op nadat hulle die misdaadtoneel en ander getuienis wat met die misdaad verband hou, geëvalueer het.
- Hierdie profiel help die polisie om die oortreder te identifiseer en te verstaan en help hulle uiteindelik om die misdadiger te vang.
- Hierdie sielkundiges tree ook op as hofgetuies wat getuig oor ’n verweerder se bevoegdheid om tereg te staan.
- Hulle doen ook aanbevelings oor vonnisoplegging en behandeling. (10)

8.2

- Soos met die insameling van getuienis en inligting, moet die optekening daarvan op ’n krimino-etiese manier plaasvind.
- Dit is die kriminoloë se etiese verantwoordelikheid om die inligting en getuienis wat hulle ingesamel het, korrek te dokumenteer.
- Die inligting behoort ook op ’n etiese manier ontleed te word. Dit impliseer dat kriminoloë nie die inligting wat hulle ingesamel het op ’n oneerlike manier behoort te vertolk nie, aangesien dit ’n persoon sal bevoordeel of benadeel.
- Die inligting moet eerlik opgeteken en vertolk word. Dit impliseer dat kriminoloë nie oor gedeeltes van die inligting moet leuens vertel of gedeeltes moet ignoreer nie. Die inligting behoort ook akkuraat opgeteken te word.
- Kriminoloë behoort alle bevindings aan te meld, nie slegs dié wat hul persoonlike teorieë en standpunte ondersteun nie.
- Kriminoloë behoort die inligting en getuienis regverdig en sonder vooroordeel of partydigheid op te teken.
- Kriminoloë behoort altyd afskrifte van al die inligting te hou wat hulle ingesamel het, om later te raadpleeg, indien nodig.
- Dit is die kriminoloë se etiese plig om ’n diens aan die samelewing en Suid-Afrika se mense te lewer. Dit sluit in die manier waarop hulle inligting en getuienis vir hul aanbevelings opteken en ontleed, asook besluite wat geneem word en handelinge wat uitgevoer word wat ’n persoon se lewe kan verander.
- Hulle behoort hulle daaraan toe te wy om die algemene welstand van alle individue en groepe in die samelewing te verbeter.
- Hulle behoort versigtig te wees om nie vorms van vorige maatskaplike onbillikheid, soos diskriminasie, verdrukking en teistering, in hul werk te laat herleef nie.

(10)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou